

DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN DIE AFRIKANER SE ARBEID AS BEPALENDE FAKTOR IN SY SOSIO-EKONOMIESE POSISIE AAN DIE RAND TOT 1924

J.J. Fourie

A. Invloed van historiese faktore op die Afrikaner se beroepslewe

Met die ontdekking van die Witwatersrandse goudvelde het die eintlike mynboufase in die Z.A.R. aangebreek. Daarmee is 'n industriële rewolusie aan die gang gesit wat die bestaande lewenspatroon feitlik oornag verander het. Die gebeure ná die proklamering van die Witwatersrandse goudvelde was 'n bevestiging van 'n voorspelling wat H.W. Struben op 5 Junie 1885 tydens sy gouduitstalling in Pretoria gemaak het, nl. dat die goudmynnywerheid na verwagting aan duisende mense werkgeleenthede sou bied.¹ Die goudmynbedryf was die dryfkrag vir die ontstaan en uitbreiding van ander industrieë en sakeondernemings. Duisende mense het na die Witwatersrand gestroom in die verwagting dat hulle in die ekonomiese aktiwiteite sou kon deel. Sodoende het daar 'n heterogene en kosmopolitiese samelewing in Johannesburg ontstaan.

Aan die een kant was daar die Engelstaliges met 'n stedelike tradisie wat as skeppers en bouers van die Suid-Afrikaanse stede opgetree en die toon in die ekonomiese lewe aangegee het. Daarteenoor was die Afrikaners met hulle landelike lewens- en wêreldbeskouing nie stadsbouers nie, maar mense wat weens swak plattelandse landboustoestande en werkgeleenthede in die stede gedwing was om by die nuwe stedelike ekonomiese bestaanswyse in te skakel. Hierdie inskakelingsproses is deur verskeie faktore beïnvloed: die Afrikaner se gebrekkige beroepsopleiding, sy selfversorgende leefwyse waaraan hy gewoon was, sy gesindheid teenoor handarbeid, sy weiering om sy verstedeliking as 'n voldonge feit te aanvaar sowel as die gesindheid van die regerende party.

Omdat die Afrikaner uit die aard van sy historiese ontwikkeling nie die geleentheid tot beroepsopleiding en ondervinding in die geldmaakproses gehad het nie, kon hy nie die ekonomiese wêreld in mededinging met die stedelik-georiënteerde Engelstalige betree nie. Weens die feit dat hulle meestal ongeskool was, het die Afrikaners in Johannesburg 'n groot beroepsagterstand gehad. Die redes vir hierdie beroepsagterstand moet gesoek word in die gebrekkige beroepsopleiding wat die Afrikaner in sy historiese ontwikkeling beleef het. Hoewel die Afrikaners afstammeling is van voorouers met 'n stedelike tradisie, het daar sedert die vestigingsjare aan die Kaap 'n geleidelike verandering ingetree wat veroorsaak het dat hulle heeltemal voorbereid was vir die stedelike fenomeen en 'n moderne kapitalistiese mynbou-ekonomie.

Hierdie proses van stadsvervreemding het reeds gedurende die Kompanjiesjare 'n aanvang geneem. Juis die oogmerk van die V.O.C. met die Kaap, nl. 'n verversingspos, het beteken dat daar noodwendig landbouers moes wees om die skepe van voedsel te voorsien. Daarby het die merkantilistiese handelsbeleid van die Kompanjie

op minstens drie maniere verhoed dat die Afrikaner enige kontak met 'n moontlike stedelike samelewing behou het.

Eerstens het dit die oprigting van industrieë ontmoedig en sodoende 'n belangrike dryfveer vir stedelike groei uitgeskakel. Hierdeur is die Afrikaner die geleentheid ontnem om homself as geskoolde arbeider te bekwaam. Terselfdertyd het die afwesigheid van geskoolde arbeiders industriële ontwikkeling in die wiele gery.² Al was die Kompanjie egter ook meer liberaal in sy ekonomiese oogmerke, sou dit nogtans nie die kolonie se natuurlike hindernisse oorkom het nie. Die afwesigheid van natuurlike hulpbronne soos minerale of woude het verhoed dat die Kaap in die wêreldhandel ingetrek word.³

Tweedens het die feit dat die boere nie hul produkte voordelig van die hand kon sit nie daartoe bygedra dat hulle hul produksie tot die voorsiening in eie behoeftes beperk het. Die selfversorgende stelsel wat sodoende ontstaan het, het veroorsaak dat die handelsverkeer met die Kaap afgeneem het. Gevolglik het die Kaap dus eerder 'n versperring geword vir die handel en die kontak tussen mense, as wat dit 'n kontakpunt tussen die binneland en die buiteland gevorm het.⁴

Derdens het die lae winsgrens van die landbouer daartoe bygedra dat daar al hoe meer na die veeboerdery oorgeskakel is. Die groter fisiese mobiliteit van die veeboer het hom vinniger weg van die beskawingsentrum laat beweeg. Wanneer pioniere uit grensgebiede wegtrek, is hulle isolasie normaalweg net tydelik en word kontak spoedig weer met mense opgebou. Maar in die geval van die veeboere van die Kaapkolonie was hierdie isolasie in 'n hoë mate permanent.⁵ Hierdie isolasie het veroorsaak dat die veeboer se ekonomiese mobiliteit feitlik 'n regressie ondergaan het. Algemeen gesproke het die mens geleidelik ontwikkel van 'n jagtersbestaan *via* 'n pastorale leefwyse na 'n landbouersbestaan. In die geval van die veeboerpioniere was die proses feitlik net andersom: "Farming less and hunting more, bartering more and buying less, the standard of living of the Cape frontiermen soon sank to the level of the thirsty land upon which he lived."⁶

In plaas daarvan dat die stedelike samelewing die plattelander aangelok het, is die nedersetting na die selfstandige bestaan in die binneland aangelok. Toe die veeboere die binneland ingetrek het, het hulle die Europese leefwyse en ekonomiese gebruike van hulle stamvaders in 'n groot mate agtergelaat. Op hulle groot plase het hulle ver van mekaar gewoon sodat die gemeenskapslewe op 'n betreklik losse wyse georganiseer was. Die enigste tye wat hulle tydelik uit hulle isolasie gebreek het, was wanneer kommando's op die been gebring is,⁷ of tydens Nagmaalviering en by die aankoop van voorrade.

Die landbouers naby Kaapstad het in hierdie tydperk 'n betreklik ruime lewensbestaan gevoer en het oor goeie huise en meubels beskik. Hulle het meer gereeld kontak met hulle medeburgers gehad en het oor die voordele van 'n gereelde, dog eenvoudige, laer onderwys beskik. Uit hulle geledere het later die meer gegoede ondernemers wat hulle na Johannesburg begewe het, na vore getree omdat hulle op 'n hoër

2. S. Pauw: Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad, p.35.

3. C.W. de Kiewiet: A history of South Africa, social and economic, p.9.

4. S. Pauw: Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad, pp.24-25.

5. P.J. van der Merwe: Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, pp.241-245.

6. C.W. de Kiewiet: A history of South Africa, p.13.

7. S. Patterson: The last trek, a study of the Boer People and the Afrikaner Nation, p.18; P.J. van der Merwe: Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, pp.197-202.

sosiale en ekonomiese trap gestaan het as die veeboerpioniere. Die veeboere was oor die algemeen ryk aan groot kuddes vee, dog het min finansiële voordeel daaruit geput. Hulle het in betreklike armoede gelewe en het nie oor gereelde onderwysgeriewe beskik nie.⁸ In die ekonomiese bestaanswyse van die veeboer was daar alreeds vae tekens te bespeur van die latere "armblanke"-vraagstuk.⁹ Dit is daarom geen wonder dat die opkoms van 'n "armblanke"-klas as 'n waarneembare verskynsel teen 1890 juis in die veeboerderystreke van die Kaapkolonie te vinde was nie.¹⁰

Die selfstandige bestaan in die binneland, die afwesigheid van nywerhede en die redelike beskikbaarheid van nie-blanke arbeid het veroorsaak dat geen aandag geskenk is aan die opleiding van geskoolde arbeiders nie. Omdat handarbeid deur nie-blankes verrig is, het dit daartoe gelei dat daar 'n vooroordeel of arbeidskuheid teenoor handarbeid by baie Afrikaners ontstaan het.¹¹ Namate slawe en ander nie-blanke arbeiders meer geskoolde werk verrig het, het die Afrikaner hom nog minder tot hierdie beroepe geneë gevoel. Wanneer volwassenheid bereik is, het jong seuns uitgekyk vir *plase* en nie 'n *beroep* nie.¹² In hierdie tydperk, waartydens die industriële omwenteling in Europa 'n werkersklas van loonarbeiders geskep het, het die blanke loonarbeider feitlik heeltemal in Suid-Afrika verdwyn. Hierdie aspek sou later een van die Afrikaner se grootste struikelblokke wees by sy toetrede tot die beroepslewe in die stad.¹³

In Suid-Afrika het die afwesigheid van bevaarbare riviere en die feit dat minerale slegs in die verafgeleë en onbewoonde binneland aanwesig was, veroorsaak dat fisiese mobiliteit nie met verstedeliking gepaard gegaan het nie en gevolglik is sosiale en ekonomiese mobiliteit hierdeur in die wiele gery. Toe die geleentheid daartoe hom wel voorgedoen het met die ontdekking van diamante, het die meeste Boere hulle betreklik weinig daaraan gesteur ten spyte daarvan dat hulle in die gunstige posisie was om die rykdomme te bekom. Die rede vir hierdie traagheid om die ekonomiese leer te betree, is daarin geleë dat die ontginning en verkoop van diamante en die proses van geldmaak in die algemeen buite die ervaringsveld, lewensbeskouing en waarde-oordeel van die Afrikaner gelê het.¹⁴

Kimberley was ook die voorbereidingskool vir die kern van die Witwatersrandse loonarbeiders in die vorm van geskoolde skagdelwers, mynwerkers, hysmasjiniste, monteurs en messelaars. Die diamantvelde het ook aan baie persone die geleentheid gebied om groot somme geld byeen te bring waardeur hulle in staat gestel is om die nuwe goudvelde te eksploiteer. Omdat die Afrikaner afkerig gestaan het teenoor die stedelike samelewing, het die geleentheid om hom sosiaal en ekonomies voor te berei vir die latere goudontginning, onwetend deur sy vingers geglip.

Tot met die ontstaan van Kimberley was daar weinig ander stedelike sentra in Suid-Afrika wat die geleentheid vir sosiale en ekonomiese beweging gebied het. Selfs Kaapstad het teen 1865 slegs 28 457 inwoners gehad waarvan bykans die helfte nie-blankes was, terwyl Port Elizabeth, die tweede grootste dorp, ongeveer 8 700 inwoners

8. A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.): *Geskiedenis van Suid-Afrika*, I, p.135; P.J. van der Merwe: *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, 1659–1842*, pp 245–247;
9. C.W. de Kiewiet: *A history of South Africa*, p. 18.
10. A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.): *Geskiedenis van Suid-Afrika*, II, p.300.
11. C.C. Neppen: *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, p.142.
12. C.W. de Kiewiet: *A history of South Africa*, p.23.
13. S. Pauw: *Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad*, p.32.
14. *Ibid.*, p. 50.

gehad het.¹⁵ Durban, 'n besige hawe, het teen 1872 6 300 inwoners gehad.¹⁶ Die Afrikaners was egter swak verteenwoordig in hierdie stedelike samelewings. Daarbenewens het daar weinig Afrikaners uit hierdie sentra na die Rand verhuis ná die ontdekking van goud. Tot 1870 was Suid-Afrika se binnelandse bevolkingsverspreiding hoofsaaklik aan die landbou geknoop en het daar geen stedelike infrastruktuur ontwikkel wat die omskakeling van die agrariese lewenswyse na 'n industriële lewenswyse in die hand gewerk het nie.

B. Arbeidsituasie aan die Rand

Sedert die ontstaan van Johannesburg het 'n bevolking daarheen gestroom waarvan baie nie van 'n vaste betrekking verseker was nie, maar daaglik 'n ander soort beroep beoefen het.¹⁷ In Johannesburg is baie werk op 'n "kommissiebasis" verrig.¹⁸ Die daaglikse instroming van mense wat op soek was na 'n werkgeleentheid in Johannesburg, het meegebring dat die arbeidsmark op een of ander stadium 'n versadigingspunt moes bereik. Aan die begin van 1897 was daar vir ambagsmanne soos skrynerwers, verwers en loodgieters nie meer werkgeleenthede nie.¹⁹ Dit spreek vanself dat diegene wat werk op 'n kommissiebasis verrig het, eerste in die knyp sou raak.

Weens die ekonomiese depressie van 1897 het Europese kapitaaltoevoel begin afneem omdat Europese aandeelhouders dividende verag het. Die onttrekking van dié kapitaal het die krisis vererger aangesien baie maatskappye se aandeelkapitaal nie in verhouding tot die produktiwiteit van hulle ondernemings gestaan het nie.²⁰ Hierdie ekonomiese insinking tesame met die daaglikse instroming van werksoekers — waaronder baie verarmde plattelandse Afrikaners — het loonsverlaging en werkloosheid sodanig in die hand gewerk dat daar gedurende 1897 en 1898 'n groot werkloosheidsprobleem in Johannesburg geheers het. Gedurende 1908 het daar 'n soortgelyke depressie geheers sodat in daardie jaar daar meer as 8 000 werkloos in Johannesburg was.

Terwyl selfs die geskoolde Uitlander beswaarlik 'n werkgeleentheid kon vind, kon die ongeskoolde Afrikaner bykans glad nie 'n verdienste bekom nie. Afrikaners het nie uit weelde nie, maar uit armoede na Johannesburg getrek en daar het hulle armoede net vererger.²¹ Al het die Afrikaners ook enige beroepsopleiding gehad, sou hulle nogtans beswaarlik by die Engelssprekende in diens kon tree aangesien Engelsprekendes vreemd en onverskillig teenoor die Afrikaner gestaan het en werkgeleenthede opsetlik van Afrikaners weerhou is. In 'n memorie het hulle gekla dat "de Jingo's ... willen niet een Boer werk geven".²²

Gedurende 1897 en 1898 het beide Uitlander en Afrikaner hulle toevlug tot die regering geneem. Waar die Uitlander verag het dat die regering toegewings moes maak ten einde 'n opbloeit in die mynbou en handel te bewerkstellig, het die Afrikaner na die regering opgesien vir die verskaffing van werkgeleenthede daar hulle "verarmd

15. G.M. Theal: History of South Africa from 1795 to 1872, IV, p.42.

16. *Ibid.*, p. 174.

The Mercantile Advertiser, 29 Oktober 1897: Het industrieel rapport (Hoofberig).

18. *Ibid.*

19. The Star, 19 Mei 1897: The labour market.

20. The Mercantile Advertiser, 29 Oktober 1897: Het industrieel rapport (Hoofberig).

21. A.N. Pelzer: Die "Arm-blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899 (Historiese Studies, 2, nr. 4, Julie 1941), p.184.

22. Aangehaal in *Ibid.*, p. 184.

zyn, gebrek lyden aan noodige kleding, doch boven alles aan voedsel, dat de nood zoo hooggestegen is dat wy van honger en ellende moeten omkomen als wy geen werk krygen om iets te verdien en of andere tegemoetkomingen westhalwe wy door den nood gedreven zyn tot u Hoog Edel Heeren met smeeken en bidden komen om ons van den hongersnood te redden... Moge onze Barmhartige Hemelschen Vader uwe gangen bestieren en uwe harten bewegen tot ontferming over onze arme vrouwen, en naakte en hongerige kinderen."²³

Weens die staat van ongeskooldheid van die Afrikaner soos dit uit sy historiese verband tevoorskyn getree het, kon hulle nie met die immigrant of Uitlander om werkgeleentheid meeding nie. Bankrot en nuut gearriveerde Uitlanders met "centuries of industrial training" agter hulle, kon 'n beter bestaan in Johannesburg maak as die grondlose Afrikaners omdat hulle geskoold was, maar veral omdat hulle Engels kon praat en 'n aanvoeling vir die bedryfslewe gehad het.²⁴ Weens gebrekkige onderwysgeriewe en die feit dat baie Afrikaners feitlik geen opleiding in enige ambag ontvang het nie, was 'n groot gedeelte van hulle in Johannesburg uitsluitlik afhanklik van "odd jobs" soos die bestuur van huurruimte en die grawe van putte. "In a word they are the superfluous units of our social economy, and must perforce enter into competition with the kafir and coloured man for a precarious livelihood".²⁵

Hierdie ongelyke stryd van die ongeskoolde Afrikaner met die opgeleide Uitlander om 'n lewensbestaan, is deur *The Star* in 'n hoofberig raak beskryf "Take a young Boer of the Doppe class, brought up in Rustenburg in ignorance of English, all school knowledge, and any idea of discipline, and place him in Commissionerstreet with instructions to earn his own living. What can he do but gravitate to the brickfields, or the Scotch cart on the mines? There is no place for him in the counting-house, in the shop, in the office, or the share market. He rarely has enough practical knowledge to secure work as an artisan. His rudimentary ideas of carpentering, picked up casually, are useless in competition with the work of men who in the years of their youth were apprenticed to the trade".²⁶

C. Faktore wat 'n rol gespeel het by die beroepsbeoefening van die Afrikaner

a) Die maatstaf vir die Afrikaners se deelname aan sakeondernemings was nie die graad van geskooldheid waaroor hulle beskik het nie, maar wel in hoe 'n mate hulle bereid was om inisiatief aan die dag te lê. Derhalwe was daar in die ekonomiese aktiwiteite van die Afrikaners in Johannesburg nie soseer 'n verdeling tussen geskoolde en ongeskoolde arbeid nie, maar eerder 'n onderskeid tussen diegene wat, ten spyte van gebrekkige opleiding, dit gewaag het om 'n eie onderneming soos byvoorbeeld transportry of baksteenvervaardiging te begin, teenoor diegene wat geen inisiatief aan die dag kon of wou lê nie, wat in ellendige sosio-ekonomiese omstandighede verval het en wat op ander persone en instansies vir 'n heenkome aangewese was.

b) Die keuse met watter bepaalde onderneming hulle wou begin, sowel as die wyse waarop hulle hierdie ondernemings bedryf het, is in 'n groot mate deur die Afrikaners

23. Aangehaal deur A.N. Pelzer: Die "Arm-blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899 (*Historiese Studies*, 2, nr. 4, Julie 1941), p.190.

24. *The Johannesburg Times*, 28 Julie 1897: The superfluous units (Hoofberig).

25. *Ibid.*

26. *The Star*, 30 Augustus 1897: The problemn of the "Arme burgher" (Hoofberig).

se landelike agtergrond beïnvloed. Daarom was die soort onderneming wat hulle in Johannesburg begin het — soos bv. slaghuisse, bakkerye, melkerye, transportondernemings en produktehandelaars — in 'n sekere sin 'n voortsetting of uitbouing van die vaardighede en ondervinding wat hulle tydens hulle plattelandse bestaan opgedoen het. Weens hulle plattelandse agtergrond was hulle slegs aan 'n selfversorgende leefwyse gewoond. Daarom het hulle hul sakeondernemings ook op hierdie basis bedryf. Hoewel daar volop geleenthede was om rykdom deur middel van hulle ondernemings te versamel, het die meeste Afrikaners egter nie die geleenthede aangegryp nie, maar het hulle die ondernemings op sodanige wyse bedryf dat slegs in die daaglikse behoeftes voorsien kon word. Vanselfsprekend het gebrek aan kennis aangaande die geldmaakproses ook hierin 'n rol gespeel. Gevolglik is winste gebruik om in die daaglikse behoeftes te voorsien en is dit nie aangewend om 'n onderneming uit te brei ten einde nog groter winste te kan lewer nie. Volgens die gereedheid waarmee Afrikaners hulle plase, kleims, standplase en later ook hulle sakeondernemings van die hand gesit het, was dit die kontantwaarde en nie soseer die rendabiliteit van 'n onderneming nie, wat deurgaans die swaarste by die Afrikaners gewee het. Sodoende het hulle hulself feitlik uit die sakewêreld uitgewerk.

c) Die oorgrote meerderheid van die Afrikaners in Johannesburg was egter nie op een of ander sakeonderneming vir 'n bestaan aangewese nie, maar hoofsaaklik op handarbeid. As gevolg van die Afrikaners se historiese kontak met en gebruikmaking van nie-blanke arbeid het hulle egter nooit geleer om handarbeid as aanvaarbare arbeidsterrein te beskou nie. Daarom was hulle nie daaraan gewoond om gereelde arbeid as ongeskooldes oor 'n lang tydperk te verrig nie. Wanneer Afrikaners dus ongeskoolde handarbeid moes verrig, het hulle dit “teesinnig” gedoen omdat dit as “Kaffirwerk” beskou is.²⁷ In plaas van ongeskoolde loonarbeid te verrig, het hulle dus verkies om eerder werkloos te wees.

Onmiddellik ná die Tweede Vryheidsoorlog het die nuwe gedagte by F H P Creswell, Peter Whiteside en ander leiers van die *White Labour League* ontstaan dat daar vir blankes 'n nuwe arbeidsterrein as ongeskoolde arbeiders gevind moes word. Hierdie gedagte is aanvanklik sterk deur die Afrikaners teengestaan omdat hulle nie 'n blanke proletariaat wou word nie. Mettertyd het die gedagte egter veld gewen sodat 'n klas ongeskoolde blankes geleidelik ontstaan het. Dit is verder deur die grootskaalse toename in die werksgeleenthede vir die blanke ongeskoolde werkers in die hand gewerk.²⁸ Teen die twintigerjare was daar reeds 'n gevestigde klas ongeskoolde Afrikaanse arbeiders in Johannesburg.

d) Die Afrikaners se weiering om hulle verstedeliking as 'n voldonge feit te aanvaar, het ook nadelig op hulle beroepsuitoefening ingewerk. Baie van die Afrikaners in Johannesburg het geglo dat hulle verblyf in Johannesburg slegs tydelik van aard was. Weens ongunstige landboustoestande en die verarming van die plattelandse bevolking het baie Afrikaners na Johannesburg gekom met die gedagte om slegs voldoende kontant bymekaar te maak om daarmee weer 'n wankelrige boerdery op die been te bring.

Hierdie gedagte is jare lank lewendig gehou deur verskeie kommissies, wat die mening gehuldig het dat die enigste oplossing vir die stedelike werkloosheidsvraagstuk onder die Afrikaners daarin gleë was dat hulle aangemoedig moes word om weer na

27. White labour in South Africa, being part 2 of the Transvaal Indigency Commission's Report, p.5

28. S. Pauw: Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad, pp.191 – 194.

die platteland terug te keer.²⁹ Gevolglik het baie Afrikaners in Johannesburg nie die moeite gedoen om hulle vir 'n stedelike beroep te bekwaam nie, maar deur daaglikse los werkies 'n inkomste probeer verkry. Daarby het baie van diegene wat na die platteland teruggekeer het, uiteindelik weer in die stad beland. Omdat hulle nie arbeidsopleiding op die platteland kon ontvang nie, het hierdie Afrikaners hulle jeugjare op die platteland verslyt sonder om hulle vir 'n stedelike beroep te bekwaam. Die meeste ondernemings in Johannesburg wou nie onervare volwassenes in diens neem nie, maar het verkies om hulle werknemers as jongmense in diens te neem en self op te lei.³⁰ So-doende het die Afrikaners nie net van die geskoolde immigrante van oorsee arbeidskompetisie ondervind nie, maar ook van die plaaslik-opgeleide Engelstalige werkers. Die Afrikaners se hunkering terug na die platteland was dus in die werklike lewe grotendeels 'n verspilling van geleentheid vir beroepsopleiding.

e) Die samehoping van verarmde Afrikaners in bepaalde dorpsgebiede het wel in 'n mate die woningnood onder die Afrikaners verlig deurdat hulle maklik goedkoop behuising daardeur bekom het, maar daarby het dit op 'n indirekte wyse armoede by Afrikaanse ondernemers aldaar in die hand gewerk. Omdat die Afrikaners in Vrededorp en Burgersdorp geografies van Johannesburg geïsoleerd was, kon selfs diegene onder hulle wat enigsins ondernemingsgees aan die dag gelê en hulle eie ondernemings, soos bv. kleremakery, begin het, nie 'n bestaan maak nie omrede hulle klandisie beperk was tot diegene in hulle onmiddellike nabyheid — dus verarmde Afrikaners.³¹

f) Uit die voorafgaande is dit duidelik dat dit vir baie Afrikaners in Johannesburg nie 'n maklike taak was om geskikte werkgeleentheid te vind nie — veral nie as hulle op eie vaardighede moes staatmaak nie. Derhalwe sou die gesindheid en algemene beleid van die regerende party 'n groot faktor in die Afrikaner se beroepslewe in die stad wees. Gedurende die tydperk van die Z.A.R. tot 1900 was die politieke gesag in die hande van Afrikaners en kon die Afrikaners in Johannesburg dus op die bystand van 'n simpatieke regering reken. Aangesien die administrasie van die goudvelde direk deur die sentrale regering geskied het, is die amptenare op die Witwatersrand deur die sentrale regering aangestel en was hulle ook slegs aan dié gesag verantwoordelik. Omdat slegs burgers as amptenare aangestel kon word, was die administrasie van die Witwatersrandse goudvelde tot 1900 in 'n groot mate in die hande van Afrikaners. Só is aansienlike werkgeleentheid vir Afrikaners geskep.

Die militêre omverwerping van die republikeinse staatsvorm het egter veroorsaak dat dit deur 'n Britse administratiewe stelsel vervang is en dat die aantal Afrikaanse amptenare in Johannesburg tussen 1900 en 1907 niks groter as 'n paar enkelinge was nie. In die polisdienste alleen was daar ná die oorlog bykans 900 ZARPS werkloos omdat hulle deur Engelstaliges vervang is. Met die instelling van verantwoordelike bestuur in 1907 het die amptenarekorps van Milner feitlik onveranderd bly voortbestaan. Die nuwe aanstellings wat ná Uniewording deur die Botha-regering gedoen is, was ook oorwegend uit die geleedere van die Engelssprekendes³² sodat in 1912 meer as 85% van

29. Vgl. bv. Het Arme Blanken Vraagstuk. Verslag van het Kerklik Kongres gehouden te Cradock op 22 en 23 November 1916, p.18.

30. S. Pauw: Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad, p.196.

31. S.S. 5133 Inkomende Stukke R14969(96): H Smit — Staatssekretaris, 26 Oktober 1896, pp.10—12.

32. H.E.S Fremantle: The new nation, p.xxiv.

die staatsamptenare nog steeds Engelssprekend was.³³ Die Afrikaners wat wel aangestel is, was deurgaans tot die laagste range van die postestruktuur beperk. Aan die ander kant is dit egter duidelik dat daar wel sedert 1907 geleidelik al meer Afrikaners in die staatsdiens aangestel is. Eers ná die bewindsaanvaarding van die Paktregering in 1924 is doelbewus al meer Afrikaners aangestel sodat die staatsdiens geleidelik 'n minder aantreklike beroepsveld vir die Engelstalige geword het in vergelyking met ander gunstiger betrekings buite die staatsdiens.³⁴

g) Afgesien van bogenoemde faktore wat eintlik buite die beheer van die Afrikaners gelê het, was daar ook 'n groep Afrikaners in Johannesburg wat nie deur enige gunstige of ongunstige faktore geraak kon word nie. Dit is die groep wat dr D F Malan beskryf het as die "moeggebore"-mense wat "alleen wanneer de honger knaagt een onzekere jacht maken op "jobs" of anders trachten om lichaam en ziel aan elkander te houden met bedelen".³⁵ Jan Louw, die huisvader van die Langlaagte-Kinderhuis, het hulle beskryf as die "lui-gebore klas. Soggens bid hul vir werk en saans dank hul dat daar gelukkig g'n werk te krij was nie. Al ambag wat hul verstaan is om groot families te verwek".³⁶

D. Beroepsbeoefening van die Afrikaner

Aangesien die sensusse voor 1924 ten opsigte van beroepsindeling nie 'n onderskeid tussen Afrikaanssprekendes en anderstaliges maak nie, is dit moeilik om te bepaal watter beroepe deur Afrikaners beoefen is en in hoe 'n mate Afrikaners by elk van die onderskeie beroepe betrokke was. Deurdat die munisipale kieserslys van 1922 ook die beroepe van kiesers aandui, kon deur middel van 'n telproses 'n berekening gemaak word. Ten einde 'n betroubare beeld te kan vorm oor die Afrikaners se deelname aan 'n bepaalde beroepsgroep, is dit nodig om hier slegs die ekonomies-aktiewe gedeelte in berekening te bring en die ekonomies-onaktiewes, soos huisvrouens, pensioenarisse en studente, buite rekening te laat. 'n Breë indeling van die onderskeie beroepe sal dan soos in die tabel op bladsy 65 daar uitsien:³⁷

E. Die invloed van die Afrikaners se beroepsagtergrond op hulle sosio-ekonomiese posisie

Die soort werk waarmee die Afrikaners hulle brood in Johannesburg verdien het, het in 'n groot mate hulle sosio-ekonomiese posisie bepaal en dit het op 'n wye reeks lewensterreine, soos bv. hulle kerklike lewe, onderwys, woonomstandighede, politieke aktiwiteite, onderwys, kulturele bedrywighede en sosiale status, 'n bepaalde uitwerking gehad. Wat ookal die Afrikaner se posisie ten opsigte van enige van hierdie aspekte was, dit kan telkens aan die arbeid van die Afrikaner geknoop word.

33. V.R. Markham: *The South African scene*, p.171; Vgl. ook *Transvaal Civil Service Lists, 1912*.

34. S. Pauw: *Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad*, p.187.

35. *Het Arme Blanke Vraagstuk*. Verslag van het kerklike kongres gehoude te Cradock op 22 en 23 November 1916, p.11.

36. *Ons Vaderland*, 2 November 1920: *Werkloosheid op die Rand*.

Beroepsgroep	Aantal Afrikaners	Aantal nie-Afr.	Verhouding per 1 000 van elke bevolkingsgroep		Persen- tasie Afr. in Beroeps- groep
			Afr.	Nie-Afr.	
(a) Landboubedrywe	86	208	12,57	6,15	29,3
(b) Mynbou	1 624	2 698	237,32	79,61	37,6
(c) Dienstesektor: Openbare diens Professionele diens	699	1 296	102,15	38,24	35,0
(d) Handel	442	5 188	64,59	153,08	7,9
(e) Vervoer en verkeer	568	6 530	83,01	192,68	8,0
(f) Ambagte	402	831	58,75	24,52	32,6
(g) Klerke en tekenaars	1 590	8 855	232,35	261,29	15,2
(h) Vermaaklikhede en sport	531	4 727	77,60	139,48	10,1
(i) Persoonlike diens	21	291	3,07	8,59	6,6
(j) Ongeskoolde werkers	91	1 003	13,30	29,60	8,3
(k) Ander	494	363	72,19	10,77	57,5
(k) Ander	295	1 898	43,10	56,00	13,5
TOTAAL	6 843	33 890	1 000	1 000	16,8

a) *Kerklike lewe*

Die swak ekonomiese posisie van die Afrikaners in Johannesburg het hulle kerklike lewe op verskeie maniere beïnvloed. Eerstens het dit veroorsaak dat die onderskeie gemeentes voortdurend onder 'n skuldlas gebuk gegaan het. Soms was daar selfs nie genoeg geld om die predikant se salaris te betaal nie.³⁸ Tweedens kon daar as gevolg van voortdurende gebrek aan fondse nie doeltreffende kerkgeboue opgerig word nie. Die eerste NG Kerkgebou in Johannesburg was 'n "rietenstal", terwyl die eerste predikant, ds. J.N. Martins, in een van die koetse van die Jubilee Line moes slaap en dié moes ontruim wanneer die koets na Kimberley vertrek het.³⁹ Die kerkgeboue self was nooit juis argitektoniese skoonhede nie, soos blyk uit die volgende aanhaling: "One of the most curious characteristics of the Dutch Reformed Churches in the Transvaal is their apparent hatred of anything beautiful. Their churches are generally architectural nightmares, and every effort is made to maintain them for ever in all their original ugliness. The ivy that does so much to make the old churches in England picturesque is regarded with stern disapproval by the members of the Dutch Reformed Church; so too, apparently, are all creepers, trees, and flowers. The church opposite the Government Buildings in Pretoria, and the sacred edifice in Von Brandis-square are two excellent examples. Why the Dutch worshippers should insist on their church being an eyesore is not easy to explain".⁴⁰

Derdens het die skrapse fondse veroorsaak dat die Afrikaanse Kerke aan die Rand nie daartoe in staat was om 'n daadwerklike bydrae ten opsigte van die armoede en groot werkloosheidsprobleem onder die Afrikaners te maak nie. Die Randse Arm-

37. Johannesburg Municipal Provisional Voters' Roll, 1922. Vgl. ook Bylae C vir 'n volledige opgawe.

38. E.L.P. Stals (red.): Afrikaners in die Goudstad, Deel I, 1886–1924, p.142.

39. The Star, 20 September 1896: A Shakedown in the stage coach; E.L.P. Stals (red.): Afrikaners in die Goudstad, Deel I, 1886–1924, p.139.

40. The Star, 21 Oktober 1897: The Braamfontein park (Hoofberig).

sorgraad het eers in die dertigerjare tot stand gekom. Tot 1924 was die Afrikaanse kerke net nie daartoe in staat om die armoede onder die Afrikaners in Johannesburg te bekamp of te verlig nie.

Vierdens het die armoede onder die Afrikaners egter ook 'n heilsame invloed gehad. Dit was juis in die armste gemeentes soos bv. Fordsburg en Langlaagte, waar die kerkbesoek die getrouste was.⁴¹

b) *Woonomstandighede*

Aangesien die soort werk wat die Afrikaner verrig het, grootliks sy inkomste bepaal het, het dit ook 'n uitwerking gehad op sowel die Afrikaner se keuse van sy woonomgewing as op sy tipe van behuising. Weens die Afrikaners se swak ekonomiese prestasies, het die meeste van hulle in die verouderde sones rondom die middestad in plekke soos Fordsburg, Vrededorp, Braamfontein en Jeppestown gewoon omdat behuising hier die goedkoopste was. Met die koms van die motorkar het baie Johannesburgers begin uitwyk na die nuwe voorstede verder van die middestad af, dog deurdat dit hoër vervoergelde meegebring het, het die Afrikaners aanvanklik nie aan hierdie nuwe trek deelgeneem nie, maar verkies om naby hulle werk te woon.

Weens gebrek aan geld, was die Afrikaners nie besitters van vaste eiendom nie, maar eerder huurders. Teen 1894 het slegs 24% van die Afrikaners in Johannesburg vaste eiendom besit — die res was almal huurders.⁴² Hierdie 24% Afrikaners het slegs 1,9% van die vaste eiendom in Johannesburg besit waarvan die totale waarde slegs 1,2% van die totale waarde van alle standplase en slegs 2,1% van die totale waarde van die geboue uitgemaak het.⁴³ Die hoë huishuur het ook daartoe bygedra dat verskeie Afrikaanse families verplig was om in een huis saam te woon.

Die soort arbeid waarmee die Afrikaner sy brood verdien het, het ook grootliks sy tipe woning bepaal. Die gemiddelde waarde van 'n huis van Afrikaners wat in die professies gestaan het, was ongeveer £400. Daarteenoor kon die Afrikaners wat op los werkies aangewese was, slegs die allernoodsaaklikste bekostig. Derhalwe het daar in Afrikanerwoonbuurte spoedig krotbuurttoestande geheers. Om hierdie rede is daar in die Engelstalige pers na hierdie woonbuurte verwys as "Poverty Point", "the dark side of Johannesburg" en "the fly in the Johannesburg honey pot", terwyl die inwoners daarvan beskryf is as "people to whom life has been a mistake".⁴⁴ Teen 1923 het die Afrikaners in verset gekom teen die feit dat hierdie woonbuurte deur die munisipale owerheid voortdurend afgeskeep is en is 'n beweging, bekend as die Slumvegters, op tou gesit om die woonomstandighede van die Afrikaners te verbeter.

Weens die groot werkloosheidsprobleem onder Afrikaners het baie van hulle gepoog om deur middel van spekulasie in standplase 'n inkomste te verkry. Dit het nie net aanleiding gegee tot die sogenaamde standplaasskandaal van 1892 nie, maar ook die mynkommissaris se lewe is hierdeur versuur. In 1897 skryf hy aan die Regering: "Geloof mij niets in deze wêreld zal deze personen te vreden stellen. Zij doen niets en willen slechts op deze wijze handel drijven ... in plaats van behoorlijk te werken, probeeren zij telkens op verschillende manieren grond in bezit te krygen en geven zij mij, die steeds mijn plicht verlang te doen, niets dan last."⁴⁵

41. E.L.P. Stals (red.): Afrikaners in die Goudstad, Deel I, 1886–1924, p.148.

42. J. Arch 313 Voters' Rolls, 1897.

43. *Ibid.*

44. The Star, 3 September 1896: Poverty Point.

45. S.S. 4855 Inkomende Stukke R6025/95: Mynkommissaris Johannesburg — Hoof van Mynwese, 10 Maart 1897, pp.140–141.

c) *Onderwys*

Op grond van hulle beroepsbeoefening kan die ouers van Afrikaanse leerlinge in drie groepe verdeel word. Eerstens was daar die meer vermoënde Afrikaners wat op eie koste hulle kinders laat studeer het. Hierdie kinders is gewoonlik na Engelstalige privaatskole gestuur omrede die ouers geglo het dat dit beter beroepsmoontlikhede aan hulle kinders gebied het. Tweedens was daar die Afrikaners met 'n gemiddelde inkomste wat hulle kinders na die gesubsidieerde staatsondersteunde skole gestuur het. Dertens was daar die groep Afrikaners wat nie oor die vermoëns beskik het om hulle kinders enige skoolopleiding te bied nie. Inspekteur J. Nieuwenhuize het hierdie groep soos volg beskryf: "Doch op verskeide deelen der goudvelden woont eene bevolking, die voor het grootste gedeelte uit behoefigen bestaat, te arm om tot het onderwys van hunne kinderen iets bij te dragen, zij zijn te weinig belangstellend, om het oprichten van scholen te bevorderen, missen tyd en kennis, om zich met het schoolbestuur in te laten, zijn door hun werk niet in de gelegenheid, om het getrouw schoolbezoek der kinderen na te gaan; kortom, van het 'initiatief der ouders', waarvan onze schoolwet spreekt, is bij hen geen sprake."⁴⁶

Weens die swak sosio-ekonomiese posisie van die oorgrote deel Afrikaners het 'n groot deel van die Afrikaanse skole bestaan uit tydelike en ondoeltreffende geboue. Die Helpmekaar-hoërskole is hiervan 'n goeie voorbeeld. Die geringe inkomste van die ouers het Afrikaanse leerlinge dikwels gedwing om uit te spring en te help met 'n ekstra verdienste. Dit het nie alleen tot swak en ongereelde skoolbesoek bygedra nie, maar het ook veroorsaak dat kinders so gou moontlik die skool verlaat het om met die broodwinning te help. Daarbenewens het die stelsel van los werkies te verrig, veroorsaak dat ouers agter werkgeleenthede aan getrek het en dat kinders dus dikwels van skool moes verander.

d) *Politiese lewe*

In die tydperk van die Zuid-Afrikaansche Republiek het die konstitusionele stryd in 'n groot mate dit verdoesel wat in wese 'n ekonomiese stryd was, nl. 'n stryd om ekonomiese opperheerskappy. Dit het in hoofsaak neergekom op 'n botsing tussen 'n selfonderhoudende landbouersbevolking wat die politieke mag besit het en 'n stedelik-industriële immigrantegemeenskap wat hulle ekonomiese opperheerskappy wou bevestig deur te poog om ook in besit van die politieke mag te kom. Die Afrikaners in Johannesburg het in die middel van hierdie stryd gestaan. Hoewel hulle die politieke mag besit het, was hulle ekonomies van die Uitlanderkapitalis vir werkgeleenthede afhanklik. Weens die staat van ongeskooldheid van die Afrikaner kon hulle nie met die immigrant of Uitlander om werkgeleentheid meeding nie.

Hoewel daar in die tydperk van die Z.A.R. geen politieke partye bestaan het nie, het daar wel rondom sekere persone 'n aanhang ontwikkel, soos bv. die Kruger-ondersteuners of die Joubert-ondersteuners. Politieke gesindhede van die Afrikaners in Johannesburg het hoofsaaklik rondom die posisie van die Uitlanders gesentreer. Hierdie gesindhede is grootliks deur hulle sosio-ekonomiese behoeftes bepaal. Wanneer sosio-ekonomiese toestande die Afrikaner en Uitlander gemeenskaplik geraak het, was

46. Z.A.R. 120 S.A. Republiek Onderwys Jaarverslag van Superintendent, 1883–1898: Jaarverslag 1898, pp.120–121.

daar gewoonlik politieke samewerking tussen hulle en het die Afrikaners hulle soms deur die Uitlanderpers laat voorskryf. Dog wanneer sosiaal-politieke aangeleenthede deur die Uitlanders as politieke wapen aangewend is om die onafhanklikheid van die Z.A.R. te ondermyn, het die Afrikaners in toenemende mate hulle samewerking onttrek.

Die beste voorbeeld van bogenoemde samewerking as gevolg van drukkende ekonomiese toestande was in 1897 toe daar 'n ekonomiese agteruitgang in die mynbedryf ingetree het. Aangesien hierdie depressie sowel die Uitlander as die Afrikaner geraak het, het daar weer 'n tydperk van samewerking tussen die twee groepe aangebreek. Hierdie gesamentlike optrede van Uitlander en Afrikaner was hoofsaaklik daarop gemik om die regering te oorreed om die verslag van die industriële kommissie van 1897 onveranderd goed te keur aangesien hulle geglo het dat die aanbevelings vervat in hierdie verslag die enigste oplossing sou wees om weer voorspoed na Johannesburg te bring.⁴⁷

In die beroepstruktuur van Johannesburg het die Afrikaners gewoonlik die laagste poste beklee. Die verwagtings wat hulle van die Het Volk-party gekoester het om iets aan hierdie toestand te doen, het egter spoedig begin kwyn omrede die betrokke party hom nie daarvoor beywer het om die lot van die Afrikanerarbeider te verbeter nie. Derhalwe het die Johannesburgse Afrikaners in toenemende mate hulle hoop op genl. Hertzog se Nasionale Party gevestig en met die 1924-verkieping hulle heelhartige ondersteuning gegee aan die ooreenkoms tussen genl. Hertzog en die Arbeider-Party wat dan ook op 'n oorwinning vir die Nasionale Party uitgeloop het.

Hierdie veranderde gesindheid by die Afrikanerarbeider op die Rand is soos volg deur *The Star* in 'n hoofartikel beskryf: "After the Transvaal Parliament met in 1907, the Government, with the acquiescence of the mining industry, introduced the policy of local training for miners in order to give employment to large numbers of Dutch-speaking South Africans who were being forced off the land. In the present position of affairs the large majority of these men, who owe their employment and their presence on the Reef to the fast actions of the Government on their behalf, are among those who are most hostile to General Smuts and his cabinet. The same process has been at work on the railways, in the police force and, to some extent, in private industry, the cumulative result being that a marked change has taken place in the composition of the electorate of Johannesburg and the Reef".⁴⁸ Dit was inderdaad 'n waar woord en 'n faktor wat in volgende verkiesings van groter deurslaggewende belang sou word.

F. Arbeid en Sosiale Status

Die grootste struikelblok in die Afrikaner se aanpassing in Johannesburg was die feit dat hulle en die Engelssprekendes verskillende norme vir die bepaling van sosiale waardes gehad het. Die afwesigheid van 'n klasseonderskeid binne die geleedere van die Afrikaners⁴⁹ tesame met die feit dat hulle nie daarvan gehou het om by mekaar in diens te staan nie, het veroorsaak dat hulle mekaar as gelykes beskou het.

Die Afrikaners wat met hierdie idee van sosiale gelykwaardigheid na Johannesburg verhuis het, is daar gekonfronteer met 'n stadslewe waarin diepgaande klasseverskille geheers het. Hierdie klasseverskille is hoofsaaklik deur ekonomiese vermoëns

47. Vgl. bv. E.L.P. Stals (red.): *Afrikaners in die Goudstad Deel I, 1886–1924*, p.97.

48. *The Star*, 19 Junie 1924: *The Rand's Vote* (Hoofartikel).

49. A. Coetzee: *Die Afrikaanse volkskultuur*, p.125.

bepaal. Reeds in 1894 het R.A. Bettington dit só beskryf: "The prerogative of birth is nowhere of less value than in a place like Johannesburg... Intellectual capacity obtains ephemeral applause on the platform of a public meeting ... Success in business is the one touchstone by which mankind is tried. That or nothing. Money means all that the soul — if soul it may be called — of the Johannesburger can possibly aspire to... He who possesses it is the 'man whom the King delighted to honour'. He who lacks it is the outcast."⁵⁰

Omdat die Afrikaner egter feitlik geen sukses in die sakewêreld behaal het nie, is daar op hom neergesien. Die volgende aanhaling uit *The Star* beskryf hierdie minagting so tiperend dat dit hier volledig aangehaal word: "A Dutchman from Rustenburg walked down Commissioner-street yesterday. He was dressed in tattered corduroy trousers, a frayed coloured shirt, a discoloured slop-coat. His slouch hat was bought in a country store seven or eight years ago. His veldschoens were new, and the brass snaps glittered in the sun, diverting the eye of the spectator from the sockless ankle. He had no landed property, no cattle, nothing in the world but what he stood up in, and some few sovereigns which remained from his share in the last Government relief distribution. He could not read, he could not write. He could not even farm with success. His one idea is that what "Oom Paul" does must be right. In the United States he would have been hustled along by the police as a loafer. In Commissioner-street he looked down on the seething uitlander population with contempt. He was a full burgher, and therefore possessed of more political power than all the uitlanders in Johannesburg and the Transvaal put together. It is a proud position for him and the uitlanders."⁵¹

Die rede waarom ekonomiese prestasie so 'n belangrike plek in die sosiale struktuur ingeneem het, was omdat die stedelike samelewing hoofsaaklik uit 'n handels- en nywerheidsgemeenskap bestaan het en omdat feitlik alle Randse inwoners van die mynindustrie afhanklik was. Hierdie afhanklikheid "conditioned and shaped the social hierarchy of the Rand."⁵² Die sosiale hiërargie of klassestruktuur het derhalwe soos volg daar uitgesien: Aangesien die *mynmagnate*, soos bv. Alfred Beit, George Albu, Lionel Phillips, J B Robinson e.a., die grootste rykdom uit die goudmynbedryf versamel het, het hulle ook die boonste sosiale laag uitgemaak. Hulle is gevolg deur die *mynbestuurders en direkteure* van mynmaatskappye as dié mense wat vir die vooruitgang van die mynbedryf verantwoordelik was. Die derde sosiale laag het bestaan uit die *handelaars*, dit wil sê diegene wat die handelslewe van die stad beheer het. Daarna het diegene wat by die *professionele dienste* betrokke was, gevolg. Die onderste laag van die sosiale struktuur het uit die *werkersklas* of die industriële proletariaat bestaan.⁵³

Dit spreek vanself dat die Afrikaners met hulle opvatting van sosiale gelykwaardigheid, nie by hierdie stedelike klassestruktuur kon inpas nie. Weens die ontoereikende opleiding en beperkte ekonomiese mobiliteit wat die plattelandse Afrikaner uit die aard van sy historiese ontwikkeling beskore was, kon hy slegs 'n plek in die onderste twee lae van die Johannesburgse klassestruktuur beklee. Deur hulle verstedeliking het die Afrikaners die plattelandse armblankevraagstuk in 'n stedelike werkloosheidsprobleem omskep deurdat hulle as gevolg van hulle ongeskooldheid

50. The Moon Annual, 1894 (R.A. Bettington: The Johannesburg man. Our boys), p.10.

51. The Star, 14 Januarie 1898: The Power-holder (Hoofberg).

52. A.A. Mawby: The political behaviour of the British population of the Transvaal, 1902–1907, p.8.

53. *Ibid.*, pp.9–15.

hoofsaaklik op die verrigting van los werkies op 'n kommissiebasis aangewese was. Sodoende het die oorgrote meerderheid van die Afrikaners in Johannesburg in die heel onderste sosiale kringe van die stedelike samelewing beland omdat hulle tot 1907 'n bykomstige en minderwaardige plek in die ekonomiese lewe van die stad ingeneem het. Die Afrikaner was nie werkgewer nie, maar werknemer. Hy kon dus nie deel in die winste en dividende nie, maar slegs in die loon van die ongeskoolde handlanger.

Die swak ekonomiese en maatskaplike posisie wat die Afrikaner in die stad moes inneem, het tot 'n gevoel van minderwaardigheid aanleiding gegee. Dit is trouens 'n algemene verskynsel by alle immigrante wat in die stad onder moet begin. Die aspirasies van die Afrikaners om hulle hieruit los te maak, het hoofsaaklik op twee maniere tot uiting gekom.

Eerstens was daar die poging tot vrywillige assosiasie, dit wil sê om hulle met die stedelike ekonomiese en sosiale leefwyse (wat eintlik neergekom het op 'n Britse leefwyse) te vereenselwig. Die tweede manier waarop sommige Afrikaners gepoog het om hulle minderwaardige ekonomiese en maatskaplike posisie te bowe te kom, was om deur middel van bestendige en ononderbroke arbeid hulle lewensomstandighede te verbeter. Hoewel hulle as gewone werknemers of mense met 'n eie praktyk nie juis in die hoë sosiale kringe van die stad kon beweeg nie, het hulle deur gereelde arbeid daarin geslaag om 'n eerbiedwaardige bestaan te voer. Sodoende kon hulle hul kinders 'n deeglike onderrig verskaf waardeur die grondslag gelê is vir 'n toekomstige geslag vir wie die stedelike samelewing minder aanpassingsprobleme veroorsaak het.